# WAPENRUSTING – Swaard van die Gees 5

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. SWAARD – RECAP

- Die Bybel word in 2 hoofdele gedeel – Ou Testament en Nuwe Testament.
- Die Ou Testament is van die begin van die skepping tot voor Jesus se geboorte
- Die Nuwe Testament is van Jesus se geboorte tot die einde van die wêreld
- Die Bybel is nie in kronologiese volgorde – soos dinge gebeur het nie – dis in kategorieë ingedeel.

- Elke groep kom haal 'n pakkie by my met die Bybelboeke en Kategorieë soos ons verlede jaar in die lesse oor die Ou Testament en die Nuwe Testament gedoen het.
- Hierdie IS 'n kompetisie, so ons gaan kyk wie dit die vinnigste kan doen.
- Ek gee die kategorieë en het klaar die Bybelboeke saam gegroepeer, julle moet net die regte kategorie by die regte groepie sit. (hulp aangeheg – hierdie is hulp vir JOU, moet dit nie uitsny nie, dit help jou net om jou kinders te help)

## 3. ILLUSTRASIE:

- Vra 2 vrywilligers om 'n swaardgeveg te kom hou.
- Wat hulle nie weet nie is dat net een swaard 'n lem het, die ander 'swaard' het net 'n handvatset.
- Natuurlik gaan die een met die swaard wat 'n lem het wen en die ander een nie, die ander een kan inteendeel glad nie eers veg nie, want daar is geen lem nie.

## 4. PROCESS DIE ILLUSTRASIE:

- Waarvoor word 'n swaard gebruik? (om mee te veg)
- Waavoor kan jy 'n swaard sonder 'n lem gebruik? (niks, dis nutteloos)
- Wanneer ons Ef 6:12-17 lees, lees ons van baie dele van die wapenrusting soos ons verlede week gesien het. (PPT)
- AL die dele van die wapenrusting is daar om ons mee te beskerm, MAAR die laaste deel is 'n wapen wat ons het om onsself mee te verdedig, MAAR as ons nie ons wapen ken nie, en nie weet HOE om dit te gebruik nie, dan is dit soos 'n swaard sonder 'n lem, en is dit nutteloos vir ons as wapen.
- Swaarde is skerp wapens, en hulle word gebruik om mee te sny, Heb 4:12 sê: "Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante" Dit beteken dis 'n wapen met krag!!!

## 5. HOE GEBRUIK EK MY WAPEN?

- Die beste voorbeeld van HOE ek my wapen gebruik is in Matt 4:1-11 (Versoeking van Jesus op die berg). 2 van die leiers gaan dit vir ons lees.
- HOE het Jesus die satan van Hom af weggekry? Hy het dele van die Bybel – Bybelverse vir hom opgesê. En wat het toe gebeur? Satan het van Hom af weggegaan.
- So wat leer ons daaruit rondom ons swaard – die Bybel?
- Ons moet dit LEES, ons moet dit leer ken. Ons moet Bybelverse wat oor ons probleme of ons lewens gaan memoriseer sodat ons dit vir satan kan opsê wanneer hy ons kom aanval, sodat jy nie 'n swaard sonder 'n lem het nie!

## 6. OEFEN OM JOU WAPEN TE GEBRUIK:

***Instruksies vir die leiers:***

- Die volgende is net om JOU te help en is NET 'n guideline, julle kan ander antwoorde hê en julle gebede kan anders lyk.
- Party groepe werk vinnig en ander stadig, kyk hoe ver julle kom, maar doen eerder dit wat julle wel by uitkom ordentlik as wat julle by alles probeer uitkom en die kinders weet nie eintlik wat aangaan en wat om te doen nie.
- So julle hoef nie by al die teksverse uit te kom nie, net die waarvoor julle tyd het.
- Ek gaan papiertjies en penne neersit as van die kinders dalk die teksverse vir hulle self wil neerskryf en huistoe neem.
- Jy kan dit ook uittik en vir hulle elkeen gee as jy sou wou.

***Vrae by elke vers***:

- In watter omstandighede kan die volgende teksverse gebruik word?
- HOE gaan jy hulle gebruik?

| |
|---|
| Jesaja 43:1b "Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" |
| Wanneer jy bang is; wanneer jy nie meer weet wat om te doen in 'n situasie nie ens. |
| ***HOE***: Here Jesus, U weet wat in my lewe aangaan, U weet hoe bang ek is en dat ek nie meer weet wat om te doen nie, ek het U nodig, U sê in U Woord, ek hoef nie bang te wees nie, U het my verlos, U het my op my naam geroep, ek is U s'n. Here, kom help my nou asb, maak my rustig en kalm met die wete dat ek in U hand is. |
| Eksodus 14:14 "Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg" |
| Wanneer mense jou bv van dinge beskuldig wat jy nie gedoen het nie, wanneer jy al's probeer het en nie meer weet hoe om dinge verder te hanteer nie |
| ***HOE:*** Here Jesus, U ken my omstandighede, U weet wat aangaan en dat mense my van dinge beskuldig wat ek nie gedoen het nie. Dankie dat ek op U woord kan staan wat sê dat ek kalm moet bly, want U veg vir my. Here, ek kom gee nou hierdie situasie vir U, help my asseblief om op te hou 'fight', en U nou toe te laat om dit vir my te doen. |
| Lukas 18:27 "Daarop antwoord Hy: "Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik" |
| Wanneer dit waarmee jy 'struggle' vir jou onmoonlik lyk, dat dit ooit gaan ophou of uitgesorteer gaan word |
| Spreuke 3:5-6 "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop" |
| Wanneer jy nie weet wat God wil se wil is of HY wil hê dat jy moet doen in jou situasie nie |
| Lukas 6:37-38 "Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. Gee, en vir julle sal gegee word: Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word" |
| Wanneer jy in konflik met iemand anders is, onthou die volgende geld net soveel vir JOU as vir hulle! |
| Jakobus 4:7b "Staan die duiwel tee en hy sal van julle af wegvlug" |
| Wanneer jy net nie oorwinning oor 'n situasie kan kry nie |

## 7. SLUIT AF MET GEBED IN JULLE GROEPE

**BYBELBOEKE: OU TESTAMENT: Hulp vir julle NIE vir die kinders nie!**

| **Die Wetboeke:** | **Geskiedenis boeke:** | **Gedigte:** |
|---|---|---|
| 1. Genesis<br>2. Exodus<br>3. Levitikus<br>4. Numeri<br>5. Deuternomium | 1. Josua<br>2. Rigters<br>3. Rut<br>4. 1 Samuel<br>5. 2 Samuel<br>6. 1 Konings<br>7. 2 Konings<br>8. 1 Kronieke<br>9. 2 Kronieke<br>10. Esra<br>11. Nehemia<br>12. Ester | 1. Job<br>2. Psalms<br>3. Spreuke<br>4. Prediker<br>5. Hooglied |
| **GROOT Profetiese boeke**<br>1. Jesaja<br>2. Jeremia<br>3. Klaagliedere<br>4. Esegiël<br>5. Daniël | **KLEIN Profetiese boeke:**<br>1. Hosea<br>2. Joël<br>3. Amos<br>4. Obadja<br>5. Jona<br>6. Miga<br>7. Nahum<br>8. Habakuk<br>9. Sefanja<br>10. Haggai<br>11. Sagaria<br>12. Maleagi | |

**BYBELBOEKE: NUWE TESTAMENT:**

| **Die Evangelies:** | **Geskiendenis boek:** | **Die Briewe:** |
|---|---|---|
| 1. Mattheus<br>2. Markus<br>3. Lukas<br>4. Johannes | 1. Handelinge | 1. Romeine<br>2. 1 Korinthiërs<br>3. 2 Korinthiërs<br>4. Galasiërs<br>5. Efesiërs<br>6. Filippense<br>7. Kolossense<br>8. 1Thessalonice<br>9. 2 Thessalonicense<br>10. 1 Timotheus<br>11. 2 Tomotheus<br>12. Titus<br>13. Filemon<br>14. Hebreërs<br>15. Jakobus<br>16. 1 Petrus<br>17. 2 Petrus<br>18. 1 Johannes<br>19. 2 Johannes<br>20. 3 Johannes<br>Judas |
| **Profetiese Boek:**<br>1. Openbaring | | |